moreleta kerk

sedert 1985

Lees saam: Exodus 20

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Bid saam

Bid saam en bely julle kring se behoefte om in God se volmaakte wil te leef en te funksioneer in 2025. As dit moontlik is dat sekere reëls eintlik die vermoë het om lewe te gee, watter reëls kan julle vir die jaar neersit om met groter ywer die jaar julle kring te kan aanpak?

Die tien gebooie
26 Januarie 2025

Ds. Teodor van der Spuy
teodor@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Week 1: God het 'n reënboog oor 2025 geverf.
Week 2: Daar is 'n roetekaart wat die toets van tyd weerstaan het wat jy kan gebruik in 2025.
In week 1 het ons God se belofte in die reënboog gesien wat sê dat na die 40 dae en 40 nagte van verwoesting, Hy belowe dat Hy nie klaar is met ons as mense of met die natuur nie.
In week 2 sien ons hoe Moses wat vir 40 dae en 40 nagte in die teenwoordigheid van die Here was, as 'n nuwe man teruggekom het vol van die heerlikheid van die God en dat hy dan die tien gebooie by God ontvang.

Gesels saam

Die tien gebooie:
1. Vertel die kring van die plek waar jy geleer is van die tien gebooie. Plaas klem op die plek. Jou kerk, jou huis, jou kamer. Hoe het dit gelyk? So leer julle mekaar beter ken.
2. Het jy 'n positiewe of negatiewe verbintenis in jou eie lewe met die tien gebooie? Verduidelik jou antwoord.
3. Dink jy die tien gebooie het enige relevansie vandag of het Jesus dit kom vervolmaak?
Het jy geweet dat daar 613 wette in Judaïsme is? Dit moes God se volk leiding gee oor hoe om 'n sinvolle lewe te lei met God as koning.
Die tien gebooie dien as 'n belangrike opsomming van al die bestaande wette in die Jodedom soos wat God dit met sy eie vinger neergeskryf het.
Jesus kom dan en verminder dit verder tot een goue reël wat al die wette volgens hom opsom.
Wie weet wat dit is en waar dit staan? (Ons gaan in ons volgende reeks by die gemeente ook hieroor in meer detail ingaan. (Matteus 22:37-40)
Lees saam Eksodus 20.

- Watter van die gebooie is vir jou die mooiste?
- Watter een sukkel jy die meeste mee?
- Watter gebod is irrelevant vir jou?

Die hele Westerse samelewing is tot 'n groot mate gebaseer op die tien gebooie sonder dat jy dit eers agterkom. Die tien gebooie is volledig relevant selfs in ons regsisteem. Dit blyk vanuit die 10 gebooie dat hierdie wette nooit moes wette in jou kop wees nie maar eerder woorde wat lewe gee. Wat jou help om jou lewe sinvol en gehoorsaam aan God te kan lewe.

Doen saam

Om in Sy wil te bly en Sy stem te aanhou hoor. Hierdie wette moet nooit verwar word met 'n slaanstok wat uit is om jou lewe te vernietig nie.
1. Hoe sal jy die tien gebooie kan relevant hou vir 'n jonger geslag? Wat sal julle aan hulle verduidelik?

_____

_____